2. Ontwerp (20)

NB: Ek het so bietjie die taak aangepas deur vir jul 'n opdrag te gee wat ons kan bou en nou gebruik in die tydperk waarin ons nou leef.

Elke leerder gaan self verantwoordelik wees om hul eie herwinbare materiale te verskaf:

- ♣ Herwinbare blikkies, plastiek, glas, afvalmateriaal ens.
- ♣ Oorskiet verf - ou verf wat oor is van vorige werk.
- ♣ Leerders mag niks koop om die produk te bou nie.
- ♣ Skroewe, spykers, gom ens. kan gebruik word om die produk stewig te maak.
- ♣ Jy kan jy eie grootte bepaal.

Die volgende spesifikasies word ook vereis:

- ♣ Die produk moet stewig wees.
- ♣ Die produk moet ten minste drie herwinbare produkte bevat.
- ♣ Die produk moet 'n funksionele ontwerp toon.

Oorweeg die volgende faktore:

- ♣ Watter mense gaan die produk gebruik?
- ♣ Wat is die doel/funksie van die produk wat julle gaan bou?
- ♣ Voorkoms: Hoe gaan die produk lyk?
- ♣ Omgewing: Waar gaan julle die produk gebruik?
- ♣ Veiligheid: Afwerking van die produk? Geen skerp punte.
- ♣ Koste: Daar moet geen koste wees nie, alles moet afvalmateriaal wees.

Ons gaan elkeen die volgende voorwerp bou. Kyk eers mooi na die foto wat vir jou gegee word. Jy het miskien nou al reeds in die afgelope tydperk met 'n paar van hierdie te doen gehad. Omdat ons tans nog by die huis is, daag ek elke leerder uit om so praktiese/eenvoudige struktuur vir ons te bou. Ek stel voor dat jul een by jul huis aanhou, want ons kan dit vir 'n leeftyd nog gebruik.

Nadat jy nou na die voorwerp gekyk het, wonder jy seker wat dit is.

Dit is ‘n staander wat uit herwinbare produkte gebou is waarop ons ‘n spuitbottel vasgeheg het waarmee jy jou hande kan saniteer sonder om die bottel te druk met jou hande, maar om jou voete te gebruik en die pedaal onder te trap.

Elke leerder gaan die voorwerp ontleed en die dele uitmekaar uithaal deur dit op papier te teken sodat jy jou eie een vir jul huis kan bou.

2.1 **SPESIFIKASIES waaraan die produk moet voldoen**.

* Die produk moet stewig wees.
* Watter mense gaan die produk gebruik? Mense wat te doen het met die publiek waar daar baie beweging is.
* Wat is die doel/funksie van die produk? Om die houer waarin die vloeistof is vas te hou sodat mens nie aan die bottel hoef te vat nie.
* Die produk moet eenvoudig wees en uit afval materiale gebou word.
* Die produk sal verkieslik binne in ‘n gebou geplaas word.
* Die veiligheid van die produk is noodsaaklik sodat die struktuur nie omval as mens met hom werk nie.
* Daar moet geen kostes wees met die bou van hierdie produk nie en dit moet uit afvalmateriaal gebou.

2.25 Litre

2.2 Teken twee moontlike netjiese sketse van ‘n nuwe verbeterde produk wat jy dink geskik is vir die probleem.

Let op:

- ♣ Dit moet vryhand wees.
- ♣ Dit moet herwinbare produkte bevat (5)

2.3 Gebruik ‘n tekenbord en teken ‘n VOORAANSIG van die produk op ‘n gepaste skaal.

Let op:

- ♣ Die tekening moet netjies wees.
- ♣ Teken op ‘n gepaste skaal. (1:2)
- ♣ Voeg afmetings by.

(5)

3. Maak (15)

3.1 Kies die beste nuwe verbeterde produk van die sketse wat jy geteken het. Bou die produk slegs deur gebruik te maak van die gegewe materiaal wat jy by die huis het. Gebruik jou verbeelding en maak die beste van wat jy het.

Evaluerings kriteria:

- ♣ Grootte: (1m hoogte, 30 – 40cm breedte (voetstuk), 30 – 40cm lengte (voetstuk)(5 punte)
- ♣ Struktuur moet stewig wees. (5 punte)
- ♣ Netheid (5 punte)

Skryf die leerders se name neer wat in die groep is.

Grootte	5	4	3	2	1
Stewigheid	5	4	3	2	1
Netheid	5	4	3	2	1

Finale punt vir praktiese bouwerk	15/_____

Dit is belangrik dat ek die model sien, sodat ek weet elkeen het iets gebou en dat hy werk. Jy kan basies enige spuitbottel gebruik.